# OFFISIËLE KOERANT
## VAN SUIDWES-AFRIKA

# OFFICIAL GAZETTE
## OF SOUTH WEST AFRICA

UITGAWE OP GESAG — PUBLISHED BY AUTHORITY

R0,30 Woensdag 15 Augustus 1984 WINDHOEK Wednesday 15 August 1984 No. 4941


INHOUD:


| | Bladsy |
|---|---|
| **GOEWERMENTSKENNISGEWINGS** | |
| No. AG. 104 Kennisgewing ingevolge die proklamasie op die registrasie en inlywing van maatskappye in Suidwes-Afrika, 1978: Bepaling van vasgestelde datum ten opsigte van bestaande maatskappy | 2 |
| No. AG. 105 Versoek dat plaaspad 2822 gesluit moet word: Distrik Grootfontein | 2 |
| No. AG. 106 Versoek dat 'n geslote pad heropen en tot geproklameerde plaaspad verklaar word: Distrik Maltahöhe | 3 |
| **ALGEMENE KENNISGEWINGS** | |
| No. 84 Munisipaliteit Karasburg: Wysiging van Sanitêre Regulasies | 4 |
| No. 85 Munisipaliteit Usakos: Wysiging van Inboorlinglokasieregulasies | 5 |
| No. 86 Munisipaliteit van Swakopmund: Bedrag van die Belasting op die aanhou van honde | 6 |
| No. 87 Munisipaliteit van Okahandja: Verkiesingsuitgawes | 6 |


CONTENTS:


| | Page |
|---|---|
| **GOVERNMENT NOTICES** | |
| No. AG. 104 Notice in terms of the registration and incorporation of Companies in South West Africa Proclamation, 1978: Determination of fixed date in respect of existing Company | 2 |
| No. AG. 105 Request that farm road 2822 be closed: District of Grootfontein | 2 |
| No. AG. 106 Request that a closed road be reopened and declared a proclaimed farm road: District of Maltahöhe | 3 |
| **GENERAL NOTICES** | |
| No. 84 Municipality of Karasburg: Amendment of the Sanitary Regulations | 4 |
| No. 85 Municipality of Usakos: Amendment of Native Location Regulations | 5 |
| No. 86 Municipality of Swakopmund: Amount of tax on the keeping of dogs | 6 |
| No. 87 Municipality of Okahandja: Electoral Expenses | 6 |


---

## Goewermentskennisgewings

Kantoor van die

ADMINISTRATEUR-GENERAAL VIR DIE GEBIED SUIDWES-AFRIKA

## Government Notices

Office of the

ADMINISTRATOR-GENERAL FOR THE TERRITORY OF SOUTH WEST AFRICA

DEPARTEMENT VAN EKONOMIESE SAKE

No. AG. 104 1984

KENNISGEWING INGEVOLGE DIE PROKLAMASIE OP DIE REGISTRASIE EN INLYWING VAN MAATSKAPPYE IN SUIDWES-AFRIKA, 1978: BEPALING VAN VASGESTELDE DATUM TEN OPSIGTE VAN BESTAANDE MAATSKAPPY

Kragtens die bevoegdheid my verleen by artikel 1(3) van die Proklamasie op die Registrasie en Inlywing van Maatskappye in Suidwes-Afrika, 1978 (Proklamasie 234 van 1978 van die Staatspresident), verklaar ek hierby dat ek met die instemming van die Registrateur van Maatskappye, Pretoria, 31 Augustus 1984 bepaal het as die vasgestelde datum ten opsigte van die bestaande maatskappy SYFRETS TRUST & EXECUTOR COMPANY SWA LIMITED wat nie voor 1 Januarie 1979 aan die bepalings van artikel 29 van genoemde Proklamasie voldoen het nie.

D.J. STRAUSS
Registrateur
van Maatskappye Windhoek, 2 Augustus 1984

DEPARTMENT OF ECONOMIC AFFAIRS

No. AG. 104 1984

NOTICE IN TERMS OF THE REGISTRATION AND INCORPORATION OF COMPANIES IN SOUTH WEST AFRICA PROCLAMATION, 1978: DETERMINATION OF FIXED DATE IN RESPECT OF EXISTING COMPANY

Under the powers vested in me by section 1(3) of the Registration and Incorporation of Companies in South West Africa Proclamation, 1978 (Proclamation 234 of 1978 of the State President), I hereby declare that I have with the concurrence of the Registrar of Companies, Pretoria, fixed 31 August 1984 as the fixed date in respect of the existing company SYFRETS TRUST & EXECUTOR COMPANY SWA LIMITED which did not comply with the provisions of section 29 of the said Proclamation before 1 January 1979.

D.J. STRAUSS
Registrar
of Companies Windhoek, 2 August 1984

DEPARTEMENT VAN VERVOER

No. AG. 105 1984

VERSOEK DAT PLAASPAD 2822 GESLUIT MOET WORD: DISTRIK GROOTFONTEIN

Ingevolge artikel 17(2) van die Ordonnansie op Paaie, 1972 (Ordonnansie 17 van 1972), word hierby bekend gemaak dat die Padraad van Grootfontein versoek dat plaaspad 2822 wat in die Bylae beskryf en op sketskaart P1242 aangetoon word, gesluit moet word.

'n Afskrif van hierdie kennisgewing en genoemde sketskaart, synde 'n sketskaart van die betrokke streek waarop die pad waarop die versoek betrekking het en ander geproklameerde, ondergeskikte en privaatpaaie in daardie streek aangetoon word, sal vir die volle tydperk van dertig dae hieronder vermeld gedurende gewone kantoorure by die kantore van die Sekretaris van Vervoer, Windhoek, en die Paaiesuperintendent, Grootfontein, ter insae beskikbaar wees.

Iedereen wat enige beswaar het teen bogemelde versoek word hiermee aangesê om sy beswaar, met

DEPARTMENT OF TRANSPORT

No. AG. 105 1984

REQUEST THAT FARM ROAD 2822 BE CLOSED: DISTRICT OF GROOTFONTEIN

In terms of section 17(2) of the Roads Ordinance, 1972 (Ordinance 17 of 1972), it is hereby made known that the Roads Board of Grootfontein requests that farm road 2822 described in the Schedule and shown on sketch-map P1242, be closed.

A copy of this notice and the said sketch-map, being a sketch-map of the area concerned on which the road to which the request refers and other proclaimed, minor and private roads in that area are shown, shall for the full period of thirty days mentioned below lie open to inspection at the offices of the Secretary for Transport, Windhoek, and the Roads Superintendent, Grootfontein, during normal office hours.

Every person having any objection to the abovementioned request is hereby commanded to lodge

die gronde waarop dit gebaseer is duidelik en in besonderhede daarin uiteengesit, skriftelik binne 'n tydperk van dertig dae vanaf die datum van publikasie van hierdie kennisgewing by die Voorsitter van Padrade, Privaatsak 12005, Ausspannplatz, 9000, in te dien.

BYLAE

Van 'n punt (A op sketskaart P1242) op distrikspad 2806 op die plaas Zunis 149 algemeen ooswaarts en al meer oosnoordooswaarts oor genoemde plaas en die plase Zabis 153 en Osombusatjuru 154 tot op 'n punt (E op sketskaart P1242) op distrikspad 2804 op laasgenoemde plaas.

his objection in writing, with the grounds upon which it is based clearly and specifically therein stated, with the Chairman of Roads Boards, Private Bag 12005, Ausspannplatz, 9000, within a period of thirty days from the date of publication of this notice.

SCHEDULE

From a point (A on sketch-map P1242) on district road 2806 on the farm Zunis 149 generally eastwards and more and more east-north-eastwards across the said farm and the farms Zabis 153 and Osombusatjuru 154 to a point (E on sketch-map P1242) on district road 2804 on the last-mentioned farm.

DEPARTEMENT VAN VERVOER

No. AG. 106 1984

VERSOEK DAT 'N GESLOTE PAD HEROPEN EN TOT GEPROKLAMEERDE PLAASPAD VERKLAAR WORD: DISTRIK MALTAHÖHE

Ingevolge artikel 17(2) van die Ordonnansie op Paaie, 1972 (Ordonnansie 17 van 1972), word hierby bekend gemaak dat die Padraad van Maltahöhe versoek dat die geslote pad in die distrik Maltahöhe wat in die Bylae beskryf en op sketskaart P1235 aangetoon word, heropen en tot geproklameerde plaaspad verklaar moet word.

'n Afskrif van hierdie kennisgewing en genoemde sketskaart, synde 'n sketskaart van die betrokke streek waarop die pad waarop die versoek betrekking het en ander geproklameerde, ondergeskikte en privaatpaaie in daardie streek aangetoon word, sal vir die volle tydperk van dertig dae hieronder vermeld gedurende gewone kantoorure by die kantore van die Sekretaris van Vervoer, Windhoek, en die Paaiesuperintendent, Maltahöhe, ter insae beskikbaar wees.

Iedereen wat enige beswaar het teen bogemelde versoek word hiermee aangesê om sy beswaar met die gronde waarop dit gebaseer is duidelik en in besonderhede daarin uiteengesit, skriftelik binne 'n tydperk van dertig dae vanaf die datum van publikasie van hierdie kennisgewing by die Voorsitter van Padrade, Privaatsak 12005, Ausspannplatz, 9000, in te dien.

DEPARTMENT OF TRANSPORT

No. AG. 106 1984

REQUEST THAT A CLOSED ROAD BE REOPENED AND DECLARED A PROCLAIMED FARM ROAD: DISTRICT OF MALTAHÖHE

In terms of section 17(2) of the Roads Ordinance, 1972 (Ordinance 17 of 1972), it is hereby made known that the Roads Board of Maltahöhe requests that the closed road in the district of Maltahöhe described in the Schedule and shown on sketch-map P1235, be reopened and declared a proclaimed farm road.

A copy of this notice and the said sketch-map, being a sketch-map of the area concerned on which the road to which the request refers and other proclaimed, minor and private roads in that area are shown, shall for the full period of thirty days mentioned hereunder lie open to inspection at the offices of the Secretary for Transport, Windhoek, and the Roads Superintendent, Maltahöhe, during normal office hours.

Every person having any objection to the abovementioned request is hereby commanded to lodge his objection in writing, with the grounds upon which it is based clearly and specifically therein stated, with the Chairman of Roads Boards, Private Bag 12005, Ausspannplatz, 9000, within a period of thirty days from the date of publication of this notice.

BYLAE

Van 'n punt (A op sketskaart P1235) op die gemeenskaplike grens van die plase Namseb 24 en Daweb 43 algemeen ooswaarts oor die plase Daweb 43 en Maltahöhe Dorpsgronde 35 tot 'n punt (B op sketskaart P1235) op grootpad 31 op laasgenoemde plaas.

SCHEDULE

From a point (A on sketch-map P1235) on the common boundary of the farms Namseb 24 and Daweb 43 generally eastwards across the farms Daweb 43 and Maltahöhe Townlands 35 to a point (B on sketch-map P1235) on main road 31 on the last-mentioned farm.

# Algemene Kennisgewings

# General Notices

No. 84 1984

MUNISIPALITEIT KARASBURG: WYSIGING VAN SANITÊRE REGULASIES

Die raad van die Munisipaliteit Karasburg het kragtens artikel 242 van die Munisipale Ordonnansie (Ordonnansie 13 van 1963) die regulasies afgekondig by Goewermentskennisgewing 160 van 1939, soos gewysig, verder gewysig, soos in die Bylae uiteengesit.

Genoemde wysigings is deur die Administrateur-generaal goedgekeur kragtens artikel 243 van genoemde Munisipale Ordonnansie 1963.

BYLAE

Die Bylae word hierby gewysig -

(a) deur in item (ii) van paragraaf (a) die bedrag "R3,00" deur die bedrag "R5,00" te vervang;

(b) deur item (i) van paragraaf (b) deur die volgende item te vervang:

"(i) Spoelwater -

1 tot 4 500 liter........................R7,50

4501 tot 6 750 liter ............. R11,25"; en

(c) deur in item (ii) van paragraaf (b) die bedrag "R5,00" deur die bedrag "R7,50" te vervang.

No. 84 1984

MUNICIPALITY OF KARASBURG: AMENDMENT OF SANITARY REGULATIONS

The council of the Municipality of Karasburg has under section 242 of the Municipal Ordinance, 1963 (Ordinance 13 of 1963), further amended the regulations promulgated under Government Notice 160 of 1939, as amended, as set out in the Schedule.

The said amendments have been approved by the Administrator-General under section 243 of said Municipal Ordinance, 1963.

SCHEDULE

The Schedule is hereby amended -

(a) by the substitution in item (ii) of paragraph (a) for the amount "R3,00" of the amount "R5,00";

(b) by the substitution for item (i) of paragraph (b) of the following item:

"(i) Slopwater -

1 to 4 500 litres .......................R7,50

4501 to 6 750 litres ........... R11,25"; and

(c) by the substitution in item (ii) of paragraph (b) for the amount "R5,00" of the amount "R7,50".

No. 85 1984

## MUNISIPALITEIT USAKOS: WYSIGING VAN INBOORLINGLOKASIEREGULASIES

Die raad van die Munisipaliteit Usakos het kragtens artikel 32(2) van die Proklamasie op Inboorlinge in Stedelike Gebiede 1951 (Proklamasie 56 van 1951) die regulasies afgekondig by Goewermentskennisgewing 5 van 1970, soos gewysig, verder gewysig soos in die Bylae uiteengesit.

Genoemde wysigings is deur die Administrateur-generaal goedgekeur kragtens artikel 32(4) van genoemde Proklamasie op Inboorlinge in Stedelike Gebiede 1951.

### BYLAE

Aanhangsel V word hierby gewysig -

(a) deur in item 3(1)(a) na die woord "Huise" die woorde "en woonstelle" in te voeg;

(b) deur in item 3(1)(a) die bedrae "R3,20", "R4,20", "R5,20", "R7,20", "R8,20" en "R35,50" deur, onderskeidelik, die bedrae "R3,70", "R4,80", "R6,00", "R8,30", "R9,40" en "R40,80" te vervang;

(c) deur na subparagraaf (vi) van item 3(1)(a) die volgende subparagrawe in te voeg:

| | |
|---|---|
| " (vii) Tweekamerwoonstelle | R20,00 |
| (viii) Driekamerwoonstelle | R30,00 |
| (ix) Vierkamerwoonstelle | R40,00 |
| (x) Agtkamerwoonstelle | R80,00"; |

(d) deur in item 3(1)(b) die bedrae "R1,20", "R2,20", "R3,20" en "R6,20" deur, onderskeidelik, die bedrae "R1,40", "R2,50", "R3,70" en "R7,10" te vervang;

(e) deur in item 3(2) die bedrag "R3,30" deur die bedrag "R4,80" te vervang;

(f) deur in item 3(3) die bedrag "R6,30" deur die bedrag "R7,25" te vervang;

(g) deur item 4 deur die volgende item te vervang:

"4. HUISVESTING IN ENKELKAMERS:

Per persoon, per maand ..........R10,00"; en

**(h) deur item 5 te skrap.**

No. 85 1984

## MUNICIPALITY OF USAKOS: AMENDMENT OF NATIVE LOCATION REGULATIONS

The council of the Municipality of Usakos has under section 32(2) of the Natives (Urban Areas) Proclamation, 1951 (Proclamation 56 of 1951), further amended the regulations promulgated under Government Notice 5 of 1970, as amended, as set out in the Schedule.

The said amendments have been approved by the Administrator-General under section 32(4) of the said Natives (Urban Areas) Proclamation, 1951.

### SCHEDULE

Annexure V is hereby amended -

(a) by the insertion in item 3(1)(a) after the word "Houses" of the words "and flats";

(b) by the substitution in item 3(1)(a) for the amounts "R3,20", "R4,20", "R5,20", "R7,20", "R8,20" and "R35,50" of the amounts "R3,70", "R4,80", "R6,00", "R8,30", "R9,40" and "R40,80", respectively;

(c) by the insertion after subparagraph (vi) of item 3(1)(a) of the following items:

| | |
|---|---|
| " (vii) Two-roomed flats | R20,00 |
| (viii) Three-roomed flats | R30,00 |
| (ix) Four-roomed flats | R40,00 |
| (x) Eight-roomed flats | R80,00"; |

(d) by the substitution in item 3(1)(b) for the amounts "R1,20", "R2,20", "R3,20" and "R6,20" of the amounts "R1,40", "R2,50", "R3,70" and "R7,10", respectively;

(e) by the substitution in item 3(2) for the amount "R3,30" of the amount "R4,80";

(f) by the substitution in item 3(3) for the amount "R6,30" of the amount "R7,25";

(g) by the substitution for item 4 of the following item:

"4. ACCOMMODATION IN SINGLE ROOMS:

Per person, per month..... R10,00"; and

**(h) by the deletion of item 5.**

No. 86 1984

MUNISIPALITEIT VAN SWAKOPMUND

BEDRAG VAN DIE BELASTING OP DIE AANHOU VAN HONDE

Kragtens artikel 3(6) van die Munisipale Hondebelastingordonnansie 1967 (Ordonnansie 13 van 1967) soos gewysig, word hierby bekend gemaak dat die Raad van die Munisipaliteit van Swakopmund die toepaslike bedrag in die Bylae vermeld kragtens artikel 3(1) van die genoemde Ordonnansie bepaal het as die bedrag van die belasting wat die Raad van genoemde Munisipaliteit ingevolge artikel 2 van genoemde Ordonnansie op die aanhou van enige hond binne die Dorpsgebied van Mondesa gelê het met ingang van 1 Januarie 1985.

A G AURET
Wnde Stadsklerk

BYLAE

1. Vir elke ongesnyde teef, per jaar ....... R8,00

2. Vir elke reun of gesnyde teef, per jaar R4,00

No. 86 1984

MUNICIPALITY OF SWAKOPMUND

AMOUNT OF TAX ON THE KEEPING OF DOGS

Under section 3(6) of the Municipal Dog Tax Ordinance, 1967 (Ordinance 13 of 1967), as amended, it is hereby made known that the council of the Municipality of Swakopmund under section 3(1) of the said Ordinance determined the appropriate amount mentioned in the schedule as the tax which the council of the said Municipality has imposed in accordance with section 2 of the said Ordinance on the keeping of any dog within the Township of Mondesa with effect from 1 January 1985.

A G AURET
Act Town Clerk

SCHEDULE

1. For every unspayed bitch, per annum R8,00

2. For every male dog or spayed bitch, per annum ..............................R4,00

No. 87 1984

MUNISIPALITEIT VAN OKAHANDJA: VERKIESINGSUITGAWES

Kennis geskied hiermee ingevolge Artikel 86(a) van die Munisipale Ordonnansie 1963 (Ordonnansie 13 van 1963) dat die onderstaande opgawes van verkiesingsuitgawes van kandidate by die buitegewone verkiesing van raadslede gehou op 30 Mei 1984 by my ingedien is en vir 'n tydperk van drie maande ter insae van die publiek sal lê by onderstaande adres.

Die uitgawes word gerangskik onder die hoofde van Artikel 81 van bedoelde Ordonnansie.

| KANDIDATE | UITGAWE |
|---|---|
| (1) Buys, Stephanus Johannes | (a)-(k): Nul |
| (2) Luyt, Neil James | (a)-(k): Nul |
| (3) Roets, Christiaan Andries | (a)-(k): Nul |

F N LAING
KIESBEAMPTE

MUNISIPALE KANTOOR
POSBUS 15
OKAHANDJA
9000

No. 87 1984

MUNICIPALITY OF OKAHANDJA: ELECTORAL EXPENSES

Notice is hereby given in terms of Section 86(a) of the Municipal Ordinance 1963 (Ordinance 13 of 1963) that the undermentioned returns of electoral expenditures as incurred by candidates at the extraordinary election of councillors held on 30 May, 1984, have been filed with me and will lie for inspection by the public at the undermentioned address for a period of three months.

The expenditures are arranged under the heads of Section 81 of the said Ordinance.

| CANDIDATES | EXPENDITURES |
|---|---|
| (1) Buys, Stephanus Johannes | (a)-(k): Nil |
| (2) Luyt, Neil James | (a)-(k): Nil |
| (3) Roets, Christiaan Andries | (a)-(k): Nil |

F N LAING
RETURNING OFFICER
MUNICIPAL OFFICE
P O BOX 15
OKAHANDJA
9000